**Is Paulus se hartsbegeerte ook jou hartsbegeerte? (OP266)**

**Romeine 1:8-15**

**16 Augustus 2026**

Laaskeer het ons die aanhef van Paulus se brief aan die Romeine oordink. In die aanhef het Paulus homself beskryf as ‘n dienskneg van Christus Jesus wat geroepe was as ‘n apostel, en in besonder as ‘n apostel aan die heidennasies. Hy het uitgelig dat hy juis die evangelie aan hulle moet verkondig. Hy het beskryf dat die evangelie voortvloei vanuit die Ou Testament en dat die inhoud van die evangelie handel oor die Seun van God, wat ook Jesus Christus is, en ook ons (dit is: die gelowiges) se Here. Hy het die gelowiges in Rome aan wie hierdie brief gerig is, beskryf as die geliefdes van God, en as geroepe heiliges. Daarna het hy hulle gegroet met die kosbare woorde: “Genade vir julle en vrede van God, ons Vader, en die Here Jesus Christus.” (Rom 1:7).

Vandag wil ek stilstaan by Rom 1:8-15. Hierdie verse vorm steeds deel van die inleiding van die boek. In hierdie verse bou Paulus geleidelik op na die punt wat hy in vers 15 bereik, waar hy aan hulle duidelik maak wat sy hartsbegeerte is: Sy hartsbegeerte is om ook aan die gelowiges in Rome die evangelie te verkondig. Ek wil graag stilstaan by die redes wat Paulus gee oor hoekom dit sy hartsbegeerte is, hoekom hy so graag ook in Rome aan hierdie gelowiges die evangelie wil verkondig. Ek wil dit bespreek onder die volgende vier punte: (1) Die gemeente in Rome, (2) Die effek van die gemeente in Rome op Paulus, (3) Paulus se hartsbegeerte, en (4) Implikasies vir ons.

<u>Die gemeente in Rome (Rom 1:8)</u>

Uit verse 6-7 het ons laas keer alreeds baie van die gemeente geleer. Hulle was gebaseer in Rome. Hulle was geliefdes van God en hulle is deur die Here Jesus Christus geroep. Hulle was geroepe heiliges, wat beteken hulle was deur hulle roeping afgesonder vir God.

Lees Rom 1:8. Die verstommende wat hierdie vers ons leer, is dat die geloof van hierdie gelowiges in Rome oor die hele wêreld verkondig word. Dit is so dat Rome die hoofstad was van die destyds bekende wêreld. En wat in Rome gebeur het, was seker meer nuuswaardig as wat in ‘n klein dorpie iewers op die platteland gebeur het. Dit bly egter steeds verstommend dat daar reg deur die bekende wêreld van destyds, kennis geneem is en gepraat is oor die geloof van hierdie gemeente in Rome. Die inwoners van Rome was seker van die eerstes wat kennis geneem het van hierdie gelowiges in hulle midde. En toe het hulle begin praat daaroor. Maar hulle het baie vriende en familie en besigheidsvennote wat regoor die bekende wêreld verspreid was – en hulle het aan hierdie vriende en familie en vennote vertel wat besig was om te gebeur – in Rome, in die hart van die heidense wêreld: In die hoofstad van die wêreld is daar ‘n gemeente wat ontstaan het, bestaande uit meestal mense van nie-Joodse afkoms, en hulle het die Christelike geloof aangeneem. Dit was fassinerend – wêreldwyd fassinerend!

Dit is egter interessant om daarop te let dat hierdie reaksie nie net in Rome gebeur het nie. In Kol 1:6 lees ons: “Soos oral in die wêreld, het die evangelie, van die dag dat julle van God se genade gehoor en dit werklik verstaan het, ook onder julle begin vrug dra en groei.” Dit is soortgelyk aan wat in Rome gebeur het – die Kolossense het ook die evangelie van God se genade gehoor, dit verstaan en toe het dit gelei tot vrug en groei – soos wat daar ook vrug en groei en begrip onder die gelowiges in Rome was. In 1 Tess 1:8 lees ons: “Die woord van die Here het immers van julle af, nie net in Masedonië en Agaje weerklink nie – julle geloof in God het inderdaad na elke plek versprei.” Die geloof van die Tessalonisense het nie net ‘n effek in hulle eie omgewing gehad nie, dit het vandaar af verder versprei. Maar, ek kan my goed indink dat die feit dat dieselfde in Rome, die hoofstad, gebeur

het, was meer nuuswaardig – met die gevolg dat die hele wêreld, spreekwoordelik, moes kennis neem van wat besig was om te gebeur.

En ons moet hiervan kennis neem. Die punt is: die wêreld neem ook kennis van ons. Ja, ons is miskien nie soos die Romeine in die middelpunt van waar wêreldgebeure beslis word nie, maar tog neem die wêreld kennis van ons: Hulle neem kennis van ons kerkverbande – dink maar net hoe vinnig besluite deur die kerk die dagblaaie haal, veral as die besluite teen die gees van ons tyd is. Hulle neem kennis van individuele gemeentes – die gerugte oor wat in gemeentes gebeur, versprei in die gemeenskap. Hulle neem selfs kennis van dienswerk waarmee jy persoonlik besig is. Of dalk net van hoe jou belydenis en lewe balanseer, of nie. Die vraag is natuurlik: Hoe lyk die getuienis wat van ons uitgaan?

Die effek van die gemeente in Rome op Paulus (Rom 1:8-14)

In verse 8-14 lees ons van die effek wat hierdie gemeente op Paulus gehad het. Ek wil vyf effekte uitwys:

- **Paulus dank God:** Lees vers 8. Die feit dat die geloof van die gemeente in Rome oor die hele wêreld verkondig word, het tot gevolg gehad dat Paulus God gedank het vir hulle en hulle geloof. Let op hoe Paulus na God verwys: Hy sê God is sy God, hy sê "my God". God was nie net 'n teoretiese konsep waaroor hy gefilosofeer het nie, nee, God was sy God – "my God". Immers het Paulus die Here Jesus persoonlik ontmoet op pad na Damaskus. In 1 Tim 1:12-14 beskryf Paulus sy verhouding met die Here Jesus. Hy sê: "Ek dank Hom wat my versterk het, Christus Jesus, ons Here, omdat Hy my betroubaar geag het toe Hy my in Sy diens aangestel het – vir my wat voorheen 'n lasteraar, 'n vervolger en 'n geweldenaar was. Nogtans is ek begenadig, omdat ek uit ongeloof onkundig opgetree het. Ons Here se genade oor my was oorvloedig, en daarmee saam ook nog die geloof en liefde wat daar in Christus Jesus is" Paulus ken God, hy is deeglik bewus van die werk wat God deur die Here Jesus besig was om in hom te doen. Sy lewe het drasties verander – van vervolger na apostel, en hy weet dit is die werk van die Here self. Daarom kan hy met reg praat van "my God". In Hand 27:23 sê Paulus: "Verlede nag het 'n engel van die God aan wie ek behoort en vir wie ek dien, by my kom staan" – Paulus was oortuig hy behoort aan God. Hy is God se apostel, maar God is ook sy God.

  In vers 8 sê Paulus dat hy sy God dank "deur Jesus Christus". Pauls verstaan dat hy deur die Here Jesus geroep is, hy verstaan dat hy begenadig is op grond van die werk van die Here Jesus, daarom is hy dankbaar teenoor die Here Jesus vir al Sy werk in Paulus, en daarom as Paulus nou God wil dank oor Sy werk in die Romeinse gelowiges, doen hy dit ook deur die Here Jesus Christus.

  Let ook op dat Paulus God dank oor "julle almal" (v8). Paulus dank God oor elke gelowige in die gemeente in Rome. Hy dank God nie net vir die kerkleiers in Rome nie. Hy dank God ook nie net vir die persone wat hy persoonlik geken het en wie se name hy later in Rom 16 noem nie – nee, hy dank God vir almal in Rome wat glo. Ons kan aflei dit was onder andere die feit dat almal wat deel van die gemeente was, eendragtig saam volhard het in hulle geloof, wat so opvallend was dat die mense in Rome en wêreldwyd kennis geneem het van wat besig was om daar te gebeur. Elke lid in die gemeente het bygedra daartoe op verskillende maniere – en nou erken Paulus elke lid se bydrae in die geloof, en hy dank God vir hulle almal.

- **Paulus dink aan hulle:** Lees vers 9. Paulus het nie net God gedank vir die gelowiges in Rome nie, nee, hy het ook aan hulle gedink. Nou sou ons kon dink: Wel, as die hele wêreld kennis geneem het van wat in Rome besig was om te gebeur, is dit seker nie so onverwags dat Paulus ook oor hulle gedink het nie. Maar let op: Paulus bedoel meer as net 'n vlugtige en kort besinning oor wat in Rome gebeur – Paulus roep God as getuie in. Hy wil hê die Romeine moet verstaan hy dink aan hulle – hy roep selfs God as getuie in. En boonop dink hy nie net aan hulle nie – hy dink gedurig aan hulle – God is sy getuie!

  Paulus maak ook die opmerking dat die God wat hy as getuie roep, is ook die God wat hy met sy hele wese dien deur die evangelie van Sy Seun. Laasweek het ons tog gesien dat Paulus juis 'n geroepe apostel was om die evangelie aan die heidennasies te verkondig. Maar nou het Paulus kennis geneem van hierdie gemeente in Rome wat grootliks bestaan uit gelowiges uit die heidennasies – as apostel juis vir die heidennasies wil Paulus dit baie duidelik maak aan die gelowiges in Rome dat hy nie maar net kennis geneem het van wat daar gebeur nie – nee, hy dink gedurig aan hulle – God is sy getuie! Ek glo ons kan aflei dat Paulus geworstel het oor wat hom te doen staan: Moet hy betrokke raak? Hoe moet hy betrokke raak? Daarom dink hy gedurig aan hulle.

  Ons hoor ook dikwels van werk wat die Here doen op sekere plekke deur sekere mense of groepe. Ons mag God selfs dank vir die werk. Maar dink ons werklik diep daaroor? Dink ons of God dalk wil dat ons moet betrokke raak? Het God dalk juis vir my die gawes gegee wat tot voordeel van hierdie werk kan wees? Is ons bereid om te getuig dat ons gedurig hieroor dink? Is ons bereid om God as getuie te roep dat ons ernstig hieroor dink?

- **Paulus bid:** Lees vers 10. Paulus wil hê die Romeine moet verstaan dat God sy getuie is hy dink nie net aan hulle nie, nee, hy bid ook. Netsoos wat hy gedurig aan hulle dink, net so bid hy ook gedurig. Hy volhard in die gebed. Hy smeek selfs in sy gebede.

  Uit Paulus se voortdurende denke oor die situasie in Rome, diep onder die indruk dat hy juis deur God geroep is as apostel vir die heidennasies, ontstaan daar by Paulus 'n begeerte: Hy sou graag betrokke wil wees, hy sou graag daar wou wees. Daarom bid hy nou spesifiek dat die pad nou uiteindelik vir hom oopgemaak sal word om hulle te besoek. Dit is wat hy graag sou wou hê – en hy smeek voortdurend in sy gebede dat die Here dit tog sal laat gebeur.

  Dit is kosbaar om op te let dat Paulus bid soos wat die Here Jesus in die tuin van Getsemane gebid het. Die Here Jesus het gebid: "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan. Nogtans, nie soos Ek wil nie, maar soos U wil" (Mat 26:39). Netso bid Paulus hier hy wil graag na Rome toe gaan – maar net as dit die wil van God is. Ek het al verskeie kere die opmerking gemaak: Die doel van ons gebede is nie om God se raadsplan te verander nie, nee, die doel van ons gebede is om van God te leer wat in Sy raadsplan bepaal is vir die situasie waarin ek my bevind. Paulus se voortdurende gebed dat die Here die pad sal oopmaak sodat hy Rome toe kan gaan, is nie om die Here se plan te verander om Paulus nou toe te laat om te gaan al was dit nie eintlik die Here se aanvanklike bedoeling dat hy moes gaan nie, nee, dit is veel eerder Paulus wat voortdurend vir die Here vra of dit die Here se wil is dat hy moet gaan, of nie. Paulus dink dit sal goed wees as hy mag gaan, maar hy verstaan die Here weet baie meer en baie beter as hy. Wil die Here met al Sy groter insig en begrip ook hê dat Paulus moet gaan, of nie. En Paulus is bereid om te berus by die wil van die Here. Paulus is van oordeel op grond van sy roeping as apostel vir die heidennasies, en op grond van die gawes wat hy van die Here ontvang het, dat hy 'n rol kan speel in Rome. Maar hy

verstaan ook dat hy nie onmisbaar is nie, dat die Here dalk iets anders in gedagte het – en daarom bid hy voortdurend om te verstaan wat die Here wil hê hy moet nou doen.

- **Paulus begeer om te bemoedig en om bemoedig te word:** Lees verse 11-12. In hierdie verse word dit duidelik hoekom Paulus hulle so graag wil besoek: Sodat hy die een of ander geestelike gawe met hulle kan deel om hulle te versterk. As 'n mens sinies wil wees, sou jy kon redeneer Paulus was ongelukkig oor die feit dat hier 'n gemeente was wat ontstaan het sonder dat hy betrokke was. Boonop gaan daar 'n wêreldwye getuienis van hierdie gemeente uit – en Paulus is nie betrokke nie. Is hierdie 'n poging van Paulus om ook raakgesien te word, en om ook erkenning te kry vir die werk in Rome?

  Ek dink nie so nie. Immers, hy het sopas die Here as getuie ingeroep oor die feit dat hy oor hierdie gemeente gedink en gebid het. Immers het hy duidelik gemaak hy wil nie ten alle koste Rome toe gaan en betrokke raak nie – nee, hy wil net gaan as dit werklik die wil van die Here is. Paulus maak in hierdie verse ook bekend dat hy nie maar net wil gaan om deel te wees van wat gebeur nie. Nee, hy is van mening hy het 'n geestelike gawe wat hy met die gelowiges in Rome kan deel met die doel om hulle te versterk. Onthou Paulus is die apostel aan die heidennasies. Onthou in hoe baie van sy vorige briewe aan verskeie gemeentes hy al aan die gemeentes raad gegee het oor vraagstukke wat in die gemeentes bestaan het. Onthou die goeie insig wat Paulus in hierdie briewe geopenbaar het. Dit is net realisties om te verwag dat Paulus met al sy insig en toewyding ook tot groot nut kan wees vir die gemeente in Rome – en dit is juis wat hy wil gaan doen. Sy doel is nie om maar net gesien te word as deel van die suksesverhaal van die gemeente in Rome nie, nee, hy wil hulle gaan versterk deur die gawes te gebruik wat die Here juis aan hom gegee het.

  In vers 12 brei Paulus verder uit oor wat hy sou wou bereik met 'n besoek aan Rome. Bo en behalwe dat hy van mening is dat hy 'n rol kan speel om die gelowiges te versterk, erken hy ook dat meer bereik kan word: Hulle kan mekaar wedersyds bemoedig deur hulle geloof. Paulus kan die Romeine bemoedig deur sy geloof, en die Romeine kan Paulus bemoedig deur hulle geloof. Elke gelowige het 'n persoonlike verhouding met die Here Jesus en met God. Elke gelowige loop 'n persoonlike geloofspad. Elke gelowige het sy/haar persoonlike ervarings op daardie pad. En daar is nut in om met mekaar gemeenskap te mag hê, waar gefokus kan word op elkeen se persoonlike ervarings van die Here se werk. Netso kan gelowiges ook van mekaar leer oor insigte in die Here se werk en Sy woord. Dit is eenvoudig so dat selfs 'n beroemde teologiese professor steeds kan leer van 'n gewone en eenvoudige gelowige.

  En dit is Paulus se begeerte: Hy wil by hulle wees in Rome. Enersyds is hy oortuig hy het geestelike gawes wat hy met hulle kan deel waardeur hulle geloof versterk kan word, en andersyds is hy ook gretig om persoonlik versterk te word deur hulle geloof.

- **Paulus wil 'n vrug verkry:** Lees verse 13-14. Voordat ons let op Paulus se begeerte om 'n vrug te verkry, let op die volgende:
  - Paulus spreek die Romeinse gelowiges aan as "Broers". Dit herinner aan die Here Jesus se woorde in Mat 12:50 "Want elkeen wat die wil doen van My Vader in die hemele, dié is my broer en suster en moeder." Deur die gelowiges in Rome as "broers" aan te spreek, wil Paulus te kenne gee hulle is ook besig om die wil van die Vader te doen, soos Paulus – daarom is hulle "broers". Of dink aan Heb 2:11 "Want sowel Hy wat heilig maak as hulle wat heilig gemaak word, is almal uit Een. Om hierdie rede is Jesus nie skaam om hulle Sy broers te noem nie". Paulus erken die

Romeine word deur die Here Jesus heilig gemaak, soos wat hyself ook deur die Here Jesus geheilig word. Hulle is almal uit Een. Hulle is almal een – daarom is hulle broers, selfs al ken Paulus baie van die gelowiges in Rome nie.

- Paulus wil ook hê die Romeinse gelowiges moet verstaan dat hy nie maar nou net op die ingewing van die oomblik besluit hy wil na hulle kom nie. Nee, hy het hom al dikwels voorgeneem om na hulle te gaan, maar dit is eenvoudig so dat hy tot dusver elke keer verhinder is om na hulle te gaan. Ons weet eenvoudig nie die detail van die vorige kere wat Paulus beplan het om Rome toe te gaan, en wat dit is wat hom telkens verhinder het nie. Uit Rom 15:23 kan dit dalk wees dat Paulus tot dusver te besig was in die streke waar hy destyds gewerk het – daar was soveel werk dat hy nie die tyd gehad het om Rome toe te gaan nie. Ons kry die indruk dat Paulus gevoel het sy werk in daardie omgewings is grotendeels afgehandel, en daarom dink hy dit is nou geleë om Rome toe te gaan. Maar ons weet ook, hy wil net gaan as dit die Here se wil is.

Hoe dit ook al sy, die punt is Paulus wil Rome toe gaan om daar ook 'n vrug te verkry soos wat hy op ander plekke onder die heidene verkry het. Wat is hierdie vrug wat Paulus in Rome wou verkry? Dit is nie presies duidelik nie, maar ons kan tog aflei dat dit die volgende sou insluit:

- Paulus het deur sy werk geestelike kennis en wysheid opgebou wat hy graag met die Romeinse gelowiges wou deel en waarvolgens hulle dan moet lewe. So het Paulus byvoorbeeld aan die Efesiërs geskryf: "Dan bid ek dat die God van ons Here Jesus Christus, die Vader van die heerlikheid, vir julle dit sal gee: geestelike wysheid en openbaring, wat in die kennis van Hom bestaan, en dat die oë van julle harte verlig mag wees sodat julle kan insien wat die hoop is wat sy roeping bied, wat die heerlike rykdom van sy erfenis vir die heiliges behels" (Ef 1:17-18). Of dink aan Paulus wat vir die Kolossense geskryf het: "Ons bid dat julle vervul mag word met die volle kennis van God se wil, deur al die wysheid en insig wat die Gees gee, om 'n lewe te lei wat die Here waardig is" (Kol 1:9-10). Dit is moontlik die vrug wat Paulus ook graag by die Romeinse gelowiges wou verkry – kennis wat 'n lewe tot gevolg het wat God waardig is.
- Dit kan ook wees dat Paulus sou wou sien dat die Romeinse gelowiges steeds meer en meer die vrugte van die Gees vertoon: liefde, blydskap, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing (Gal 5:22-23)
- Dit kan ook wees dat Paulus in Rome sou wou help om toe te sien dat steeds meer mense tot geloof kom. Immers was Paulus bereid om swak te word vir die swakkes – sodat hy sommige kon wen. Hy was bereid om vir almal alles te word om ten minste sommige te red (1 Kor 9:22). Dit was tog ook juis Paulus se fokus op sy sendingreise – om vrug te verkry deurdat baie tot geloof gekom het.

In vers 14 sê Paulus hy staan in die skuld by die Grieke en nie-Grieke, by die wyses sowel as die onverstandiges. Destyds het mense van Griekse afkoms hulleself gesien as die wyses, terwyl die wat nie van Griekse afkoms was nie, gesien is as onverstandig, selfs as barbare. Maar Paulus sê, ongeag die afkoms van mense, ongeag of hulle Grieks is of nie, ongeag of hulle wys is of onverstandig, hy het 'n verantwoordelikheid teenoor almal – hy moet aan almal die evangelie verkondig. Immers is hy die apostel afgesonder vir die heidennasies. Hy sou graag wou meewerk om onder hulle almal 'n vrug te verkry. Die vrug kan wees dat hulle

meer van God en Sy werk sal leer, sodat hulle lewens al meer vir God waardig is. Die vrug kan ook wees dat daar steeds meer mense sal wees wat tot geloof kom.

Paulus se hartsbegeerte (Rom 1:15)

Lees Rom 1:15. Uit alles wat Paulus in die voorafgaande verse gesê het, kom hy nou tot die punt. Hy het gehoor wat in Rome gebeur, hy het God gedank daarvoor, hy het gebid oor sy rol in Rome – maar hier is sy hartsbegeerte: Hy wil ook aan die gelowiges in Rome die evangelie verkondig. Hy wil hulle bemoedig, en hy wil ook deur hulle bemoedig word. Hy wil ook by hulle vrug bewerk – hetsy deurdat hulle groei in kennis en diepte in hulle geloof, of deurdat meer mense tot geloof sal kom. Maar dit is sy hartsbegeerte: om aan hulle die evangelie te verkondig. In 1 Kor 9:16 sê Paulus daar rus 'n verpligting op hom om die evangelie te verkondig – en wee hom as hy dit nie doen nie. Daarom wil hy ook nou in Rome die evangelie gaan verkondig. Maar dit is meer as net 'n verpligting wat hy móét doen – hy wíl dit ook doen, dit is sy hartsbegeerte om dit te gaan doen, met ywer tot voordeel van die Roomse gelowiges, en ook tot uitbreiding van God se koninkryk, en dus tot verheerliking van Sy Naam.

Implikasies vir ons

Ek wil graag 'n paar implikasies uitlig vir ons:

- Wat is die getuienis wat uitgaan na die wêreld van die groepe waaraan ek en jy behoort? Dink aan die gemeente waaraan jy behoort, of die Bybelstudiegroep of bedieningsgroep waaraan jy behoort. Of: Wat is die getuienis wat van jou persoonlik uitgaan na die wêreld? Praat die wêreld oor jou, jou gemeente of jou bedieningsgroep? Waaroor praat hulle? Praat hulle oor jou geloof en jou hartsbegeerte om vrug te mag bewerk vir God se koninkryk en Sy eer? Of praat hulle net oor jou sprankelende persoonlikheid?
- Hou jy jou oë en ore oop vir plekke en geleenthede waar die Here werk? Let jy op na waar die Here besig is om te werk in jou gemeente, of in ander gemeentes, dalk by konferensies, dalk deur spesifieke individue wat ywerig hulle gawes gebruik, of dalk uitreikaksies wat geloods word om die evangelie te versprei.

  En as jy hiervan hoor, wat doen jy met hierdie inligting?

  Dank jy God vir die werk waarmee Hy besig is, en vir die getuienis wat daarvan uitgaan? Dit is wat Paulus gedoen het toe hy van die Roomse gelowiges gehoor het.

  Dink jy aan hulle? Dink jy gedurig aan hulle? Is jy bereid om, soos Paulus, God as getuie in te roep dat jy gedurig aan hulle dink? Of hoor jy maar net, en vergeet weer daarvan?

  Bid jy vir hierdie werk van die Here? Bid jy vir spesifieke aspekte van hierdie werk? Dit is gewoonlik net moontlik as jy eers deeglik gedink het oor hierdie werk, en verstaan wat die behoeftes is om hierdie werk te bevorder.

  Kom jy van tyd tot tyd by die punt waar jy voel dat jy betrokke wil raak? Ek verstaan dat ons nie altyd by alles betrokke wil of hoef te raak nie. Maar ek dink ons moet besin en bewustelik tot 'n besluit kom of ons betrokke moet raak of nie. Bereik jy van tyd tot tyd die punt waar jy voel dat jy wel betrokke moet raak? Dink jy so ernstig hieroor dat jy selfs die punt bereik waar jy dink jy verstaan wat jou rol behoort te wees, in ag genome wat jou gawes en roeping is? En dan, bid jy hieroor? Bid jy dan spesifiek en gedurig om te verstaan of dit ook God se wil is dat jy so betrokke moet raak?

In jou besinning oor jou rol, vra jouself ook af wat die doel is wat jy in gedagte het met jou betrokkenheid: Paulus wou die gelowiges in Rome gaan bemoedig, en wou ook deur hulle bemoedig word. Boonop wou hy meewerk om 'n vrug te bewerk deur sy betrokkenheid: hetsy 'n vrug van geloofsgroei onder die gelowiges in Rome, of 'n groei in getalle van gelowiges – hy wou sien dat die koninkryk van God deur sy betrokkenheid sal groei. Dit was sy hartsbegeerte. Is dit ook jou hartsbegeerte? Is jy oortuig dat jy nie net betrokke moet raak nie, maar dat jy inderdaad betrokke wil raak – nie vir eie gewin nie, maar sodat die koninkryk van God sal groei?

Na die beste van ons wete het Paulus se plan nie gerealiseer nie – hy het nie die gemeente in Rome besoek soos wat hy in gedagte gehad het nie. Hy het wel later in Rome gekom – maar as 'n gevangene. Hy het seker toe kontak gehad met die gemeente, maar ek is oortuig dit was nie hoe Paulus dit graag sou wou sien realiseer nie. Maar, 'n heerlike resultaat van Paulus se hartsbegeerte om in Rome die evangelie te verkondig, is dat hy die boek Romeine geskryf het waarin hy breedvoerig die evangelie aan hulle verduidelik. En ons mag vandag steeds voordeel trek hieruit. Al realiseer jou planne nie presies soos wat jy in gedagte gehad om betrokke te raak by die Here se werk nie, kan ons die Here vertrou dat Hy sal toesien dat jy tog ook wel 'n medewerker sal wees in die bou van Sy koninkryk. En dit is 'n heerlike voorreg en 'n sinvolle hartsbegeerte!